

**26 April**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:13**

Liefde begin by die Here en dit eindig by Hom. Hy het ons eerste liefgehad en ons sal sy groot liefde eers volmaak ervaar in die hemel na die dood.

Die Here vra ook liefde van sy kinders. Dit is opvallend dat die lied oor die liefde wat in hierdie hoofstuk voorkom, juis in die brief van die apostel aan die gemeente in Korinte staan. In die gemeente het verskeie probleme voorgekom en Paulus moes hulle daarvoor vermaan. Hulle optrede was beslis geen toonbeeld van liefde nie. As ons al die sondes wat in hierdie brief aangespreek word, opnoem, sou 'n mens maklik kon sê dat dit darem nie 'n gemeente van Christus kon gewees het nie!

Dit is juis in hierdie lied dat ons sien wat ware liefde werklik is. God gaan voor in liefde voordat Hy liefde van ons vra. In sy liefde vir hierdie gemeente, in sy liefde vir sy volk van die Ou Testament, in sy liefde vir my en jou, is Hy volmaak geduldig en volmaak vriendelik.

God vra opregte liefde van ons omdat sy maatstaf vir 'n egte en ware verhouding vlekkeloos skoon en volmaak is. Die beskrywing van die liefde in hierdie lied is die soort liefde wat Hy wil hê. Natuurlik weet die Here dat ons nie só kan liefhê nie en Hy het ook geduld met ons swakheid. Sy geduld is nie 'n teken van swakheid by Hom nie, want as ons moedswillig en hardkoppig in eiewaan en grootpraterigheid voortgaan om in afguns en haat kwaad en onreg te saai, sal Hy ons nie ongestraf laat bly nie.

As ons opreg besef wat God se liefde vir ons inhou, sal ons sy strale van liefde laat weerkaats na almal rondom ons en ook na Hom toe. Daarmee ervaar ons nou reeds die begin van die ware liefde wat ewig bly.

*Sing: Psalm 97:7 Ds GJ Ligthelm (Olifantshoek/Kathu)*